DIE MOS inisiatief

# BEURSFONDS



Die MOS Inisiatief Beursfonds het ten doel om behoeftige kinders toegang tot kwaliteit Afrikaanse onderrig te bied.

Die leerders wat by die beurse baat is toekomstige leiers en indien hulle nou met kwaliteit onderrig ondersteun word, sal hulle eendag op alle vlakke van die samelewing 'n bydrae maak en weer op hulle beurt terugploeg.

Die program staan al die leerders van die MOS Inisiatief by - ongeag geslag, ras of gemeenskap.

beurse@diemos.co.za
www.diemos.co.za

## WIE KWALIFISEER?

- Suid-Afrikaanse burgers
- Leerders van skole in die MOS Skole Groep

## WIE KWALIFISEER NIE?

- Nie-Suid-Afrikaanse burgers
- Leerders wat reeds matriek voltooi het
- Leerders wat reeds vir die fase 'n beurs ontvang het
- Leerders wat reeds finansiële bystand ten opsigte van hulle skoolfonds ontvang
- Leerders in skole, buiten Afrikaanse enkel-medium skole

## AANSOEKPROSES

- Voltooi aansoekvorm op Google-vorms
- Stuur alle stawende dokumente aan beurse@diemos.co.za
- Beurskomitee evalueer alle aansoeke en ken beurse op grond van goedgekeurde kriteria toe
- Aansoekers word per e-pos van die uitslag in kennis gestel; hetsy positief of negatief
- Beursgeld word direk aan die betrokke skool oorbetaal

Doen hier aansoek.

## DOKUMENTASIE BENODIG

- Afskrif van leerder se identiteitsdokument / geboortesertifikaat
- Afskrifvan ouer/(s) se identiteitsdokument
- Bewys van inkomste van ouer/(s) [salarisstrokie | aanstellingsbrief | IRP5]
- Voltooide aansoekvorm
- Bewys van registrasie by die skool
- Bewys van adres
- Afskrif van mees onlangse akademiese rekord

Neem asseblief kennis dat daar slegs 'n beperkte aantal beurse per jaar toegestaan kan word en die aansoek nie 'n waarborg is dat die beurs toegestaan gaan word nie.